**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 1582/2004

In die hersiening van:

**<u>DIE STAAT</u>**

versus

**<u>THABISO MOTLOHI</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** CILLIé R *et* VAN DER MERWE R

---

**<u>UITSPRAAK:</u>** VAN DER MERWE R

---

**<u>GELEWER OP:</u>** 11 NOVEMBER 2004

---

[1] Die beskuldigde is na my oordeel tereg skuldig bevind aan diefstal van 'n motorradio ter waarde van R1 200,00. Op 4 September 2004 is die beskuldigde gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf.

[2] Dit blyk uit die getuienis dat die klaer sy voertuig buite 'n

winkel gelaat het sonder dat dit gesluit is. Die beskuldigde, wat ook in die winkel was, het die deur van die voertuig oopgemaak, die motorradio uitgetrek en dit geneem. Omdat ‘n ooggetuie die voorval waargeneem het, is die beskuldigde opgespoor en die radio teruggevind.

[3] Die beskuldigde is 29 jaar oud, is ongetroud, maar is die vader van ‘n kind van 18 maande oud wat by die moeder woon. Die beskuldigde het standard 7 op skool geslaag en was werksaam by ‘n bouer waar hy ‘n bedrag van R35,00 per dag verdien het. Hy is ‘n eerste oortreder.

[4] Ek is tevrede dat direkte gevangenisstraf gepas is vir die onderhawige oortreding. Die termyn van 2 jaar gevangenisstraf is in die omstandighede van hierdie geval, na my oordeel, egter so buitensporig swaar dat dit nie gehandhaaf kan word nie. Na my oordeel is ‘n vonnis van 12 maande gevangenisstraf gepas in al die omstandighede van hierdie saak.

[5] Gevolglik word die skuldigbevinding bekragtig, maar die opgelegde vonnis tersyde gestel en vervang met ‘n vonnis van 12 maande gevangenisstraf wat geag moet word opgelê te gewees het op 4 September 2004.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**C.B. CILLIé, R**

/S Pieterse